MTN SP INTEKENAAR KONTRAK TERME EN VOORWAARDES

DEEL I: VOORSIENING VAN NETWERKDIENSTE

Taal van die Kontrak:
Hierdie Kontrak is 'n bylae tot die Intekenaar Kontrak Aansoekvorm en is beskikbaar in vier amptelike tale. U en MTN SP stem ooreen dat die Engelse teks van hierdie Kontrak die voorrang kry bo enige ander taal. Dit beteken dat die Engelse teks die amptelike teks sal wees vir gebruik in enige Hof of enige ander amptelike beslissingsraad of gesaghebbende liggaam. Dit sal ook die enigste teks wees om die betekenis van enige deel van die Kontrak en/of die gevolge wat mag voortvloei uit die Kontrak, in enige dispuut of meningsverskil te beslis.

In hierdie Kontrak, tensy die konteks duidelik 'n ander doelwit aandui, sal die woorde hieronder uiteengesit die betekenis dra soos omskryf, en soortgelyke woorde of uitdrukkings sal dienooreenkomstig soortgelyke betekenis dra:-

1. 1.1. "Aktivering" beteken die koppeling van 'n SIM Kaart deur MTN SP by die perseel van MTN SP sodat dit toegang tot die Netwerk verkry en op die Netwerk funksioneer in terme van hierdie Kontrak. Binne die konteks van 'n Oordrag, beteken "Aktivering" die koppeling van die SIM Kaart deur die ontvangende Diensteverskaffer nadat u nommer tussen mobiele diensteverskaffers of mobiele netwerke oorgedra is;

1.2. "Kontrak" beteken hierdie intekenaar ooreenkoms tussen u en MTN SP soos deur u onderteken is, en bevestig die wetlike terminologie wat bepaal hoe en wanneer MTN SP Netwerk Pakkette by wyse van Pakket Opsies, SIM Kaarte en/of Mobiele Apparate sal verskaf;

1.3. "Rekening Limiete" beteken die opsionele Waarde Toegevoegde Diens bekend as "Rekening Limiete" wat u in staat stel om 'n maandelikse spandeerlimiet van u keuse op sommige van u Kostes te plaas en waarvoor u 'n afsonderlike Rekening Limiete Diensaansoekvorm en Terme en Voorwaardes moet onderteken;

1.4. "Kostes" beteken die Sim Kaart koste, Aansluitingsfooie, Maandelikse diens heffings, Gebruik tariewe en enige ander koste wat verband hou met die voorsiening van Netwerkdienste, Sim Kaarte, Mobiele Apparate en enige ander dienste van enige aard, deur MTN SP aan u, soos van tyd tot tyd in die Pryslys uiteengesit is;

1.5. "Aansluitingskoste" beteken die koste teen u gehef deur MTN SP met betrekking tot die aktivering van u SIM kaart vir gebruik op die Netwerk;

1.6. "Kontrak Hernuwingsperiode" beteken 'n tydperk van 24 (vier-en-twintig) opeenvolgende Maande wat begin op die dag direk na u hernuwing van die Kontrak en/of Opgradering van die Kontrak;

1.7. "De-aktivering" beteken die permanente onttrekking van 'n SIM kaart vanuit die Netwerk by die MTN SP perseel, sodat dit permanent onbevoeg is om op die Netwerk gebruik of bedryf te word;

1.8. "Vroeë Kansellasiekoste" beteken die somtotaal van die maandelikse Gebruik Koste en Maandelikse Dienskoste vir die oorblywende maande van die Aanvanklike Kontrakperiode of Kontrak Hernuwingsperiode (soos die geval mag wees) na kansellasie van die Kontrak, waarvoor u deur MTN SP in rekening gebring sal word wanneer die Kontrak om enige rede gekanselleer word voor die einde van die Aanvanklike Kontrakperiode of Kontrak Hernuwingsperiodes (soos die geval mag wees);

1.9. "GSM" beteken Globale Sisteem vir Mobiele Kommunikasie soos in die Europese Tegniese Standaarde Instituut se struktuur van spesifikasie van tyd tot tyd gedefinieer is;

1.10. "Aanvanklike Kontrakperiode" beteken die tydperiode van 24 (VIER-EN-TWINTIG)

opeenvolgende maande vanaf die datum van Aktivering van u SIM Kaart, welke sodanige datum aangedui sal wees op die eerste rekening wat aan u gestuur sal word na Aktivering;

1.11. "Versekering Aansoekvorm" beteken die afsonderlike aansoekvorm, wat deur u ingevul en onderteken moet word, indien u sou besluit om aansoek te doen vir die versekeringpolis beskikbaar deur MTN SP om u Mobiele Apparaat, soos in klousule 8 onder omskryf, te verseker. Die Versekering Aansoekvorm sal aan u die versekeringspremies en ander verwante kostes verduidelik waarvoor u aanspreeklik sal wees vir die versekering van die Mobiele Apparaat;

1.12. "Mobiele Apparaat" beteken 'n GSM Terminaal en die bybehore wat deur u gebruik kan word om, onder andere, oproepe te maak en te ontvang, of boodskappe te stuur en te ontvang wat via die Netwerk gedra word;

1.13. "Mobiele Nommer" beteken die telefoonnommer wat deur MTN SP aan u toegeken is en in elke SIM Kaart wat aan u uitgereik word, geprogrammeer is;

1.14. "Mobiele Nommer Oordraagbaarheid" beteken dat u vrymag het om u Mobiele Nommer van een mobiele netwerk operateur of diensteverskaffer na 'n ander oor te dra;

1.15. "'n Maand" beteken 'n tydsperiode wat om 00h00 op 'n sekere dag (soos van tyd tot tyd deur MTN SP bepaal sal word) van 'n kalendermaand begin en sal voortduur tot 23h59.59 op die dag voor die bepaalde dag in die volgende kalendermaand;

1.16. "Maandelikse Dienskoste" beteken intekenaarsfooie wat maandeliks vooruit deur MTN SP gehef word vir u toegang tot en die gebruik van die Netwerk Dienste en die maandelikse kostes vir sekere Waarde Toegevoegde Dienste, afhangend van die Pakket Opsie wat u gekies het en wat van tyd tot tyd in die Pryslyste uiteengesit word;

1.17. "MTN Direk" beteken die departement binne MTN SP wat die ontvangs en verwerking van Intekenaar Kontrak aansoeke vir Netwerk Dienste via telefoon prosesseer. Hierdie proses hang af van MTN SP se beleidsposisies, prosedures, terme en voorwaardes;

1.18. "MTN SP" beteken MTN Service Provider (Eiendoms) Beperk, Registrasienommer 1993/02648/07, huidiglik te Veertiende Laan 216, Fairlands, Roodepoort;

1.19. "MTN SP se Perseel" verwys na die kantore van MTN by die bogenoemde adres en geen ander adres nie;

1.20. "Netwerk" beteken die PLMN (Publieke Land Mobiele Netwerk) sellulêre telefoonsisteem wat deur die Operateur in Suid-Afrika bedryf word;

1.21. "Netwerkdienste" beteken die GSM Telekommunikasie netwerkdienste en enige ander verwante dienste wat aan u deur MTN SP in terme van hierdie Kontrak beskikbaar gestel word, wat mag insluit, Waarde Toegevoegde Dienste, internasionale swerf en die maak van oproepe;

1.22. "Operateur" beteken Mobile Telephone Networks (Eiendoms) Beperk, sy opvolgers of aangewesene of enige ander gelisensieerde sellulêre operateur in Suid-Afrika wie aan MTN SP 'n sub-lisensie toegestaan het om Netwerkdienste aan u beskikbaar te stel;

1.23. "Bestelling" beteken die intekenaar Kontrak aansoekvorm en verwante dokumente wat deur u op MTN SP geplaas is vir die voorsiening van Mobiele Apparaat(e), SIM Kaart/e en/of die gebruik van die Netwerkdienste;

1.24. "Pakket Opsies" verwys na enige van die verskeie tariefplanne waaronder die Netwerkdienste beskikbaar gestel word aan Intekenaars. Die tariefplanne is uitgelê in die Pryslys en is onderhewig aan die voorwaardes en/of toelatings van die Regulerende Owerheid;

1.25. "Pakket Migrasie" beteken die proses wanneer u van u huidige Pakket Opsie na 'n ander

Pakket Opsie verhuis, soos per u versoek aan MTN SP. U versoek mag deur MTN SP aanvaar of verwerp word, afhangend van die reëls van die bepaalde Pakket Opsie;

1.26. "Oordrag" beteken die skuif van u Mobiele Nommer van een Mobiele Netwerk na 'n ander of van een Mobiele Diensteverskaffer ("donateur diensteverskaffer") na 'n ander("ontvangende diensteverskaffer"), met of sonder verandering van Mobiele Netwerk;

1.27. "Oordrag Ure" beteken die tye waartydens u aansoeke vir Oordrag verwerk kan word, wat tussen 09h00 en 17h00 van Maandag tot Vrydag is en tussen 09h00 en 13h00 op Saterdae, Sondae en Publieke Vakansiedae uitgesluit;

1.28. "Pryslys" beteken die lys waarop die MTN SP Fooie, soos deur die Operateur en/of die Regulerende Owerheid, uiteengesit is. Die Pryslys mag van tyd tot tyd deur MTN SP aangepas word en is op versoek van MTN SP beskikbaar;

1.29. "Prima Koers" beteken 'n rentekoers per annum wat gelykstaande is aan Standard Bank van Suid-Afrika Beperk se gepubliseerde minimum oortrokke leningskoers per annum, met rente op rente wat maandeliks agteruitwerkend deur Standard Bank van tyd tot tyd gehef word op die onversekerde oortrokke tjekrekenings van sy mees bevoorregte korporatiewe kliënte in die Privaatsektor. In die geval van 'n dispuut met betrekking tot die betaalbare koers, sal die koers gesertifiseer word by enige bestuurder of assistent-bestuurder van Standard Bank, wie se beslissing finaal en bindend op die partye sal wees;

1.30. "Regulerende Owerheid" beteken die Independent Communications Authority of South Africa ("ICASA") of enige opvolger daarvan;

1.31. "SIM Kaart" beteken 'n Intekenaar Identiteit Module Kaart wat as deel van die Pakket Opsie verskaf word en wat, wanneer dit deur MTN SP geaktiveerd is, en in samewerking met 'n GSM verenigbare Mobiele Apparaat gebruik word, u voorsien van toegang tot die Netwerkdienste;

1.32. "Intekenaar" of 'U' beteken die party wie se gegewens op die Intekenaar Kontrak Aansoekvorm as "Intekenaar" verskyn of hulle opvolgers of goedgekeurde gevolmagtigdes;

1.33. "Opskort" of "om op te skort" beteken die tydelike diskonnektering van 'n SIM Kaart van die Netwerk by MTN SP se perseel, sodat dit nie in staat daartoe is om op die Netwerk te funksioneer totdat dit deur MTN SP opgehef word nie;

1.34. "Gebruikskoste" beteken die Koste of Waarde Toegevoegde Dienskoste, wat deur MTN SP gehef word teen die tariewe wat in die Pryslys gepubliseer is en wat van tyd tot tyd deur MTN SP aangepas mag word.

1.35. "Waarde Toegevoegde Dienste" beteken sekere dienste soos deur MTN SP aan u verskaf word, wat MTN SP Waarde Toegevoegde Dienste van tyd tot tyd mag noem, wat aan die terme van die verskillende Pakket Opsies onderhewig sal wees.

1.36. "Skrywe" of "Geskrewe" mag SMS boodskappe ("Kort teks boodskapdiens" by wyse van Mobiele Apparaat)insluit slegs wanneer dit deur MTN SP aan u gestuur word. Dit sluit ook epos of 'n voor-opgeneemde stem oproep deur 'n amptelike MTN SP oproepsentrum insluit.

2. KONTRAK AANVANGSDATUM, HERNUWING EN TERMINASIE

2.1. Hierdie kontrak tree in werking op die datum van die aktivering van die SIM Kaart soos aan u uitgereik is deur MTN SP (aanvangsdatum) en sal, onderhewig aan klousule 7 hieronder, voortduur vir die aanvanklike kontrakperiode. Na die aanvanklike kontrakperiode verstryk het sal dit outomaties voortgaan op 'n maand tot maand basis, tensy u skriftelik hernu, of die Kontrak getermineer word:

2.1.1. deur u, aan die einde van die Aanvanklike Kontrakperiode of Kontrak Hernuwingsperiode, soos die geval mag wees, deur MTN SP skriftelik kennis te gee (nie d.m.v. SMS nie) van terminasie, nie minder nie as 1 (een) kalendermaand en nie meer as 3 (drie) kalendermaande voor die einde van die Aanvanklike Kontrakperiode of Kontrak Hernuwingsperiode nie, soos die geval mag wees; of

2.1.2. deur MTN SP, indien dit tot so 'n besluit sou oorgaan, onmiddellike terminasie op geskrewe kennisgewing aan u; of

2.1.3. deur MTN SP, onmiddellik van toepassing op geskrewe kennisgewing aan u, indien die sub-lisensie wat deur die Operateur uitgereik is in terme waarvolgens MTN SP gemagtig en bemagtig is om aan u toegang tot die Netwerkdienste te verleen om enige rede, getermineer word.

2.2. In die geval van vroeë terminasie van hierdie Kontrak om welke rede ook al (d.i. terminasie voor die einde van die Aanvanklike Kontrakperiode of Kontrak Hernuwingsperiode soos die geval mag wees) sal u aanspreeklik gehou word vir alle bedrae wat deur u geskuld word in terme van hierdie Kontrak, hetsy daardie bedrae op daardie tydstip betaalbaar is of nie. Hierdie kansellasiefooie is duidelik hieronder uiteengesit.
MTN SP mag hierdie koste op geskrewe kennisgewing aan u wysig. Die koste sal van krag wees vanaf die gespesifiseerde datum in daardie kennisgewing

2.3.

KANSELLASIEKOSTE:
Hierdie fooie sal insluit:

- **'n onbetaalde debietorder fooi van R11.40 (BTW ingesluit) (versuiming van betaling);**
- **alle Maandelikse Diensfooie wat u aan MTN SP vir die oorblywende maande van die Aanvanklike Kontrak of die Kontrak Hernuwingsperiode ("Vroeë Kansellasiekoste") sou moes betaal het;**
- **Gebruikskoste vir al u benutting van die Netwerkdienste;**
- **rente teen die Prima Rentekoers op die uitstaande bedrag, vanaf die betaaldatum tot op die datum waarop u 'n betaling doen; en**
- **die handstuk subsidie terugbetalingsbedrag van R 1710.00 (BTW ingesluit) soos in klousule 11.1 onder genoem word.**

MTN SP mag van u verwag om 'n opskorting opheffingsfooi van R75.00 (BTW uitgesluit) te betaal om die opskorting op te hef nadat u diens opgeskort is, of 'n heraansluitingfooi van R95.00 (BTW uitgesluit) vir heraansluiting tot die Netwerk nadat u gedeaktiveer is.

REGS EN INVORDERINGSFOOIE:
Indien MTN SP enige regsstappe met betrekking tot hierdie Kontrak neem, insluitend die invordering van bedrae deur u betaalbaar aan MTN SP, sal u ook aanspreeklik wees vir regskoste teen die hoogste tariewe soos tussen prokureur en eie kliënt en/of enige

Ek verstaan dat indien hierdie Kontrak om enige rede voor die einde van die Aanvanklike Kontrakperiode of die Kontrak Hernuwingsperiode soos die geval mag wees gekanselleer word, ek teenoor MTN SP aanspreeklik sal wees vir die KANSELLASIEKOSTE en REGSKOSTE en INVORDERINGSKOSTE en/of opskort opheffing/herkonneksie fooie soos links beskryf is. Ek verstaan dat ek hierdie bedrae op versoek van MTN SP binne 14 (veertien) dae aan MTN SP sal moet betaal. Ek bevestig dat hierdie kostes aan my verduidelik is en dat ek die gevolge van vroeë kansellasie van hierdie Kontrak ten volle begryp.

HANDTEKENING VAN INTEKENAAR:

_____

invorderingskoste wat deur MTN SP aangegaan is in sy pogings om gelde van u te verhaal.	
'n Sertifikaat van enige bestuurder van MTN SP wat die bedrag ten opsigte van enige KOSTES wat deur u aan MTN SP verskuldig is sertifiseer, sal as prima facie bewys dien van sy inhoud en as voldoende bewys dien vir MTN SP om 'n hofbevel of aksie teen u in te stel.	

2.4. Selfs indien MTN SP van agente of tussengangers gebruik gemaak het, is die Bestelling wat u geplaas het 'n aanbod wat deur u aan MTN SP gemaak is en sal in oorweging gebring word nadat dit deur MTN SP ontvang is by MTN SP se perseel. Indien MTN SP u aanbod aanvaar (wat nie noodwendig hoef te gebeur nie), dan sal MTN SP se aanvaarding die Aktivering van die SIM Kaart wees soos uiteengesit in 2.1. Vir die doeleindes van aanvaarding deur MTN SP en die sluiting van hierdie Kontrak, sal dit altyd gereken word dat die Aktivering by MTN SP se perseel, soos bo uiteensgesit is, plaasvind. Op Aktivering word hierdie Kontrak bindend tussen u en MTN SP.

3. VERSKAFFING VAN SIM KAARTE EN NETWERKDIENSTE

3.1. Die Bestelling wat u by MTN SP plaas is onderhewig aan die gebruiklike kredietkeuring en mag deur MTN SP aanvaar of verwerp word, afhangend van die uitkoms van die kredietkeuring. Indien MTN SP nie u Bestelling aanvaar nie, sal dit u in kennis stel en redes aanvoer vir sy besluit.

3.2. **Kredietkeuring en toestemming aanmelding:**
U gee MTN SP uitdruklik toestemming om u persoonlike gegewens, krediet rekord en betaling geskiedenis en/of status by of aan enige geregistreerde kredietburo en nasionale kredietregister te verkry of te verskaf, wat verband hou met MTN SP se besluit om u toegang tot enige Netwerkdienste of ander dienste in terme van hierdie Kontrak te verleen, of die bepaling van enige diens beperkings deur MTN SP.

3.3. MTN SP sal elke redelike kommersiële poging aanwend om so spoedig moontlik aan enige verskaffing en/of aflewering behoeftes te voldoen soos opgeneem in die Bestelling, maar sal nie aan u of enige ander persoon aanspreeklik wees indien die verskaffing en/of aflewering, om enige rede, vertraag of gekanselleer word nie.

3.4. Alle risiko verbonde of enige skade aan SIM Kaarte wat aan u deur MTN SP verskaf is, sal op aflewering aan u of enige ander persoon wat deur u genomineer is, oordra.

3.5. Indien 'n SIM Kaart verlore raak, gesteel word of beskadig raak, is u genoodsaak om ingevolge die Wet, die polisie onmiddellik skriftelik in kennis te stel. U moet MTN SP ook dadelik in kennis stel en opheffing van die SIM Kaart aanvra. U bly aanspreeklik vir enige onkoste en kostes met betrekking tot die SIM Kaart totdat u aansoek deur MTN SP ontvang is.

3.6. U mag ook by MTN SP aansoek doen om u SIM Kaart te vervang ("SIM swap"). MTN SP mag 'n billike koste hef vir die SIM Kaart vervangingsproses en vir die nuwe SIM Kaart. Enige sulke verlies, diefstal of skade en/of SIM Kaart vervanging en/of die allokasie van 'n nuwe Mobiele Nommer as gevolg hiervan, sal nie die terminasie van

hierdie Kontrak tot gevolg hê nie.

3.7. Hiermee gee u u onderneming dat;-

3.7.1. u nie die Netwerkdienste sal gebruik, of toelaat dat dit gebruik word vir enige ongepaste, immorele of onwetlike doeleindes nie, of op enige manier wat besering of skade aan persone of eiendom mag veroorsaak of tot die benadeling of onderbreking van die Netwerkdienste nie;

3.7.2. u slegs die Mobiele Apparate sal gebruik wat deur die Regulerende Owerheid goedgekeur is tesame met die SIM Kaart op die Netwerk, en dat u u sal onderwerp aan die toepaslike wetgewing en regulasies, sowel as alle wetlike bepalings soos neergelê deur MTN SP met betrekking tot die gebruik van die Mobiele Handstuk, Netwerkdienste en/of SIM Kaarte;

3.7.3. u volle begrip het dat u geen eiendomsreg, aanspraak of belang in die sagteware of die Mobiele Nommer saamgevat in elke SIM Kaart wat aan u uitgereik is het nie, MTN SP herken nietemin dat Mobiele Nommeroordraagbaarheid u toelaat om die gebruik van u Mobiele Nommer te behou indien u sou besluit om na 'n ander Netwerk oor te dra;

3.7.4. u nie self sal nie, en geen ander persoon sal toelaat om die sagteware saamgevat in, of wat verband hou met, enige SIM Kaart of Mobiele Apparaat te terugontleed, uitmekaar te haal, te verander of daarmee te peuter nie.

3.8. Alle Waarde Toegevoegde Dienste is onderhewig aan die diskresie van MTN SP en mag enige tyd onttrek word deur MTN SP met kennisgewing aan u. Indien MTN SP enige Waarde Toegevoegde Dienste wat 'n maandelikse premie dra onttrek, sal geen verdere Maandelikse Dienskoste gehef word na die onttrekking van die Diens nie. In die geval waar u inteken op 'n Pakket Opsie wat gratis Waarde Toegevoegde Dienste insluit, is MTN SP gemagtig om, met kennisgewing aan u, enige Waarde Toegevoegde Diens te onttrek of te vervang, sonder om enige van die Maandelikse Dienskoste te verminder of 'n terugbetaling te maak omdat die Waarde Toegevoegde Dienste gratis is.

3.9. Selfs al is 'n SIM Kaart deur MTN SP geaktiveer, sal die SIM Kaart geblokkeer wees teen die maak van oproepe na en vanaf enige plek buite die Republiek van Suid-Afrika (Internasionale Oproepe en Internasionale Swerf), en sal slegs vir 'n gespesifiseerde tydperk toeganklik gemaak word op u geskrewe aansoek, ontvang deur MTN SP ten minste 5 (vyf) werkdae voor die datum waarop die toeganklikheid verlang word en by wyse soos deur MTN SP van tyd tot tyd bepaal sal word. MTN SP behou die reg voor om die deblokkering van die SIM Kaart te weier, mag redes vir die weiering aanvoer en mag van u verwag om 'n sekuriteitsdeposito te betaal ter bedrae soos deur MTN SP met redelike diskresie bepaal sal word, alvorens die SIM Kaart gedeblokkeer sal word.

4. KOSTE

4.1. U sal aan MTN SP die Kostes betaal soos op u rekening uiteengesit is, vir toegang tot die Netwerk, die voorsiening van die Netwerkdienste, SIM Kaarte, en enige ander produkte en/of dienste, volgens die fooie soos in die Pryslys omvat is, of u van die Netwerkdienste gedurende daardie maand gebruik gemaak het al dan nie.

4.2. MTN SP mag enige Koste wysig, welke wysigings van krag sal wees vanaf die datum wat in 'n geskrewe kennisgewing aan u vermeld sal word.

4.3. Tensy MTN SP op skrif anders beslis, sal u betalings aan MTN SP maak, sonder om enige bedrae af te trek om enige rede; -

4.3.1. vir die verskaffing en aflewering van Mobiele Apparaat/e en SIM Kaart/e, wat ten volle betaalbaar op aflewering en op sig van rekening is ("KBA");

4.3.2. vir die Maandelikse Dienskoste en Belasting op Toegevoegde Waarde, maandeliks vooruit en vir alle ander Kostes, maandeliks terugwerkend, ten volle, binne 21 (een-

en-twintig) dae vanaf die rekeningdatum waarop dit aan u deur MTN SP gestuur is;

4.3.3. by MTN SP se perseel of by Standard Bank. Indien u per debietorder, ander elektroniese metodes of per enige ander bemiddelaar betaal, sal u bankiers of bemiddelaar namens u as u verteenwoordiger optree. U is verantwoordelik vir die betaling totdat dit deur MTN SP ontvang is by MTN SP se perseel of by die MTN SP bankiers.

4.4. MTN SP verkies dat u per debietorder betaal en mag dit as betalingvereiste stel. Debietorder invorderings sal op die volgende datums plaasvind: 1ste / 7de / 15de / 20ste / 25ste en 31ste dag van die maand hetsy van kredietkaarte of bankrekenings. Indien enige van die bogenoemde invordering datums op 'n naweek of 'n publieke vakansiedag val, sal die debietorder op die laaste werksdag voor daardie datum ingevorder word. MTN SP mag veranderinge aan sy rekening en betaling prosedures en vereistes maak wat van krag sal wees vanaf die datum wat in 'n geskrewe kennisgewing aan u vermeld sal word.

4.5. Indien MTN SP vereis dat u per debietorder betaal, sal u kontrakbreuk pleeg indien u: -

(i) die debietorder kanselleer sonder om skriftelik toestemming van MTN SP te verkry ; of
(ii) u bankbesonderhede verander ten opsigte van die debietorder, sonder om aan MTN SP skriftelik kennis te gee van die verandering en u nuwe bankbesonderhede aan MTN SP te verskaf.

4.6. MTN SP sal maandeliks aan u 'n rekeningstaat ("rekening") stuur na die adres wat u in die Aansoekvorm of op skrif aan MTN SP verskaf het. Dit is u plig om u rekening te kontroleer en te verseker dat dit korrek is. Tensy u binne 30 (dertig) dae vanaf die rekeningdatum, die rekening bevraagteken, sal dit as korrek gereken word.

4.7. **Pakket Migrasie:**
MTN SP mag, op sy diskresie, enige aansoek deur u vir Pakket Migrasie van een Pakket Opsie na 'n ander gedurende die Aanvanklike Kontrakperiode of die Kontrak Hernuwingsperiode soos die geval mag wees, aanvaar of afkeur. MTN SP sal geregtig wees om 'n migrasiefooi en/of administrasiefooi te hef ten opsigte van die migrasie, solank die fooie deur die Regulerende Owerheid goedgekeur of vasgepen is. Hierdie fooi mag van tyd tot tyd aangepas word. Daar sal ook van u vereis word om aan MTN SP die bedrag vir die handstuk subsidie te betaal indien u na 'n Pakket Opsie migreer wat 'n mindere handstuk subsidie aanbied as die Pakket Opsie waarvandaan u migreer. Dit stel MTN SP in staat om die handstuk subsidie aan te pas na die mindere bedrag waaruit u voordeel sou getrek het ten tye van die verkoop van die Mobiele Apparaat indien u aanvanklik die Pakket Opsie gekies het waarnatoe u migreer. Die handstuk subsidie vir elke Pakket Opsie is ondergeskik aan die reëls van daardie bepaalde Pakket Opsie.

4.8. Indien u van een Pakket Opsie na 'n ander migreer of u Mobiele Nommer na 'n ander Mobiele Diensteverskaffer of Mobiele Netwerk oordra, sal u alle versamelde ongebruikte krediete of minute wat u nie alvorens die oordrag gebruik nie, verbeur.

Inklusiewe Minute, Boodskappe en Waardebedrae:

4.9. Inklusiewe minute, boodskappe of 'n inklusiewe waardebedrag wat u mag ontvang sal ondergeskik wees aan die reëls van die bepaalde Pakket Opsie wat u gekies het om op in te teken. In die algemeen; -

4.9.1. sal geen Gebruik Koste betaalbaar wees vir die inklusiewe minute of vir die gebruik tot en met die inklusiewe waardebedrag van u Pakket Opsie nie; en

4.9.2. tensy MTN SP u anders laat weet, sal, indien u nie al u inklusiewe minute of inklusiewe waardebedrae gedurende 'n bepaalde maand gebruik nie; -

4.9.2.1. die ongebruikte deel van die inklusiewe waardebedrag versamel word vir u gebruik gedurende die oorblywende deel van u Kontrakperiode; maar

4.9.2.2. die ongebruikte inklusiewe minute of boodskappe mag in 'n maand versamel word vir u gebruik gedurende die daaropvolgende Maand. Inklusiewe minute en boodskappe kan nie vir meer as 1 (een) Maand oorgedra word nie en hulle waarde kan nooit die waarde van die somtotaal van die inklusiewe minute en/of boodskappe vir enige 1 (een) Maand periode van u Pakket Opsie oorskry nie. Die inklusiewe minute en/of boodskappe wat u nie tydens die volgende maand gebruik nie, sal verbeur word.

4.9.3. Indien die aanvangsdatum van hierdie Kontrak op enige ander dag as die eerste dag van 'n Maand val, dan sal die inklusiewe minute en/of boodskappe pro-rata vir die oorblywende deel van die Maand toegeken word.

4.9.4. Indien die inklusiewe minute naweekminute is, dan mag hulle slegs oor die naweek tussen die tye gebruik word soos van tyd tot tyd bepaal word deur MTN SP. Indien die Kontrak 'n aanvang neem na die laaste naweek van enige Maand, sal u geen inklusiewe naweekminute vir daardie Maand hê nie.

4.9.5. Inklusiewe boodskappe kan slegs in Suid-Afrika gebruik word en kan nie vir internasionale boodskappe gebruik word of boodskappe wat gestuur word terwyl u buite Suid-Afrika is nie.

4.9.6. Inklusiewe minute sal beperk word tot nasionale en mobiel-na-mobiel oproepe binne die Republiek van Suid-Afrika. Inklusiewe minute kan nie vir Internasionale oproepe, oproepe wat gemaak word terwyl u oorsee swerf en oproepe na Waarde Toegevoegde Dienste buiten die dienste waartoe u gratis toegang het, aangewend word nie. Onderhewig aan die Pryslys, binne hierdie konteks; -

4.9.6.1. is 'n nasionale oproep 'n oproep wat na 'n bestemming binne die Republiek van Suid-Afrika gemaak word;

4.9.6.2. 'n mobiel-na-mobiel oproep is 'n oproep wat binne die Republiek van Suid-Afrika vanaf een mobiele Apparaat na 'n ander gemaak word waar beide Mobiele Apparate aan 'n PLMN (Publieke Land Mobiele Netwerk) gekoppel is binne die Republiek van Suid-Afrika en deur die Regulerende Owerheid gelisensieerd is.

4.10. Afhangend van die Pryslys of die reëls van die bepaalde Pakket Opsie wat u gekies het sal;-

4.10.1. nasionale en inklusiewe minute bereken en in rekening gebring word of:

4.10.1.1. in eenhede van 60 (sestig) sekondes, of deel daarvan, vir die eerste eenheid en daarna in half eenhede van 30 (dertig) sekondes, of deel daarvan. (Indien u enige deel van 'n eenheid of half eenheid gebruik is u aanspreeklik vir die volle koste met betrekking tot daardie eenheid of half eenheid) of

4.10.1.2. in eenhede van 1 (een) sekonde, vir elke eenheid ("per sekonde rekening")

4.10.2. Internasionale oproepe word deur MTN SP teen die internasionale oproeptarief gehef na gelang van die reëls van die bepaalde Pakket Opsie waarop u ingeteken het. Telkom se koste vir die oproepe wat u na die internasionale land gemaak het word by die MTN SP dienskoste bygereken.

5. OPSKORTING VAN TOEGANG TOT NETWERKDIENSTE

5.1. MTN SP mag enige tyd, met kennisgewing aan u, u toegang tot die Netwerkdienste opskort indien; -

5.1.1 enige aanpassings, onderhoud of herstelwerk onderneem moet word met

betrekking tot die Netwerk of die Netwerkdienste; of

5.1.2. u Kontrakbreuk pleeg ten opsigte van enige terme van die Kontrak, insluitend u versuiming om aan MTN SP alle nodige dokumentasie te verskaf soos uiteengesit is in die Intekenaar Aansoekvorm of as u versuim om aan MTN SP enige bedrag verskuldig te betaal op die betaaldatum; of

5.1.3. u op enige stadium oor die interne dienslimiet gaan wat MTN SP mag vaspen en waarvan u van tyd tot tyd in kennis gestel sal word.

5.2. **Indien u versoek dat 'n opskorting of heraktivering herroep word, mag MTN SP van u verwag om 'n opskort opheffingsfooi van R75.00 (BTW uitgesluit) te betaal om 'n opskorting op te hef nadat u diens opgeskort is, of 'n herverbindingsfooi van R95.00 (BTW uitgesluit) om u weer by die Netwerk aan te sluit nadat u gedeaktiveer is, onder omstandighede soos bo in klousules 5.1.2 en 5.1.3 uiteengesit is.**

5.3. Indien u toegang tot die Netwerk opgeskort word om enige rede, sal u steeds aanspreeklik wees vir die Maandelikse Diensfooie gedurende enige periode van opskorting, tensy MTN SP op skrif toestem om u nie in rekening te bring nie.

6. BEPERKING VAN AANSPREEKLIKHEID

MTN SP sal nie aanspreeklik wees aan u of enige ander persoon vir enige verlies of skade wat gely is (hetsy direk of indirek), indien; -

6.1. MTN SP om enige rede nie enige Mobiele Apparaat of SIM Kaart/e, of op die verlangde datum, of enigsins, voorsien en/of aflewer nie; en/of

6.2. die Netwerkdienste onderbreek, opgeskort of getermineer word, om enige rede; en/of

6.3. MTN SP nie die voorsiening van Netwerkdienste aan u opskort nie nadat u MTN SP uitdruklik versoek het om dit te doen om, onder andere, die Gebruik Koste te beperk; en/of

6.4. die verlies of skade veroorsaak is deur enige daad van nalatigheid of gebrek aan optrede deur MTN SP, sy werknemers of sy agente nie.

7. KONTRAKBREUK

7.1. **Indien u Kontrakbreuk pleeg ten opsigte van enige terme van hierdie Kontrak, insluitend die versuim van betaling van enige bedrag betaalbaar aan MTN SP op die betaaldatum, of deur MTN SP kennis te gee ten opsigte van kansellasie van hierdie Kontrak voor die einde van die Aanvanklike Kontrakperiode of Kontrak Hernuwingperiode soos die geval mag wees, dan sonder enige beperking op die regte van MTN SP, mag MTN SP op kennisgewing aan u, hierdie Kontrak kanselleer, en/of vereis dat u al u verpligtinge nakom en onmiddellik die KANSELLASIEKOSTE betaal soos aan u in klousule 2.3 hierbo verduidelik is en deur u onderteken is, of die bedrae reeds betaalbaar is of nie. MTN SP sal nie verplig wees om enige van sy verpligtinge met betrekking tot hierdie Kontrak na te kom nie.**

7.2. U onderneem en gee toestemming in terme van Artikel 45 van die Wet op Landdroshowe Nr.32 van 1944, soos gewysig is, tot die jurisdiksie van die Landdroshof in verhouding tot enige regsaksie wat teen u ingestel is met betrekking tot hierdie Kontrak. MTN SP, in sy diskresie, sal steeds geregtig wees om enige aksie teen u in te stel in enige afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika met bevoegde regsmag.

7.3. MTN SP sal onmiddellik, met kennisgewing aan u, geregtig wees om hierdie Kontrak te termineer indien u gesekwestreer word, gelikwideer word of onder geregtelike bestuur geplaas word , hetsy voorwaardelik of finaal, en hetsy vrywillig of verpligtend.

7.4. **TOESTEMMING OM AAN 'N KEDRIETBURO VERSLAG TE DOEN:**
U gee MTN SP toestemming om enige besonderhede ten opsigte van die wyse waarop u u betalings aan MTN SP hanteer het by enige geregistreerde kredietburo te registreer. U doen afstand van enige eise wat u teen MTN SP mag hê met betrekking tot sulke onthullings. MTN SP sal u 20 (twintig) werksdae kennis gee van sy intensie om enige ongunstige inligting met betrekking tot die betalings van u rekening of enige klassifikasies met betrekking tot uitvoerende aksie wat deur MTN SP geneem is aan 'n kredietburo voor te lê.

7.5. U sal geregtig wees om enige dispuut tussen u en MTN SP met betrekking tot die beskikbaarheid van die Netwerkdienste, te verwys na enige Telekommunikasie Verteenwoordiger wie as sulks aangestel mag word deur die Communications Authority of South Africa ("ICASA") of enige opvolger daarvan.

8. VERSEKERING

8.1. Tensy u vir die Mobiele apparaat en verwante risiko versekering uitneem deur die afsonderlike MTN SP Versekering Aansoekvorm in te vul, te teken en aan MTN SP te besorg, onderworpe aan die toepaslike terme vir sulke versekering van tyd tot tyd, sal u Mobiele Apparaat nie deur versekering van MTN SP gedek wees nie.

8.2. Indien u enige navrae ten opsigte van versekering van die Mobiele Apparaat het, kan u MTN SP raadpleeg, wie u na die versekering administreerders, die makelaars, of 'n MTN SP versekeringsverteenwoordiger sal verwys.

9. ALGEMEEN

9.1. Tensy anders vermeld, is alle pryse en Koste wat in hierdie Kontrak en enige Pryslys uiteengesit is, eksklusief van Betaling op die Toegevoegde Waarde ("BTW") en enige ander toepaslike belasting of aksyns. U sal aanspreeklik wees vir die betaling van enige BTW of toepaslike belasting of aksyns wat nie ingesluit is nie.

9.2. U mag nie enige van u regte en verantwoordelikhede in terme van hierdie Kontrak aan enige ander persoon sedeer of oormaak sonder die voorafgaande skriftelike toestemming van MTN SP nie. MTN SP mag met skriftelike kennisgewing aan u, sy regte en verantwoordelikhede in terme van hierdie Kontrak aan enige ander persoon sedeer of oormaak

9.3. MTN SP mag wysigings aan die terme van hierdie Kontrak maak na gelang van veranderinge in belastings, wette, regulasies, terme vir die lisensie wat aan die Operateur uitgereik is, terme van enige Kontrak tussen die Operateur en MTN SP, of onder enige soortgelyke omstandighede. MTN SP sal u van enige veranderinge op skrif in kennis stel.

9.4. Hierdie Kontrak, tesame met die Intekenaar Kontrak Aansoekvorm is die volle ooreenkoms tussen u en MTN SP in verhouding tot sy onderwerp. Geen ander waarborge, ondernemings en/of verteenwoordiging is deur MTN SP of enige handelaar of sogenaamde agent van MTN SP gemaak nie.

9.5. Geen toegeeflikheid of uitstelling van tyd wat MTN SP u mag toelaat, sal MTN SP op enige manier benadeel nie of MTN SP verhinder om enige van sy regte in die toekoms uit te oefen nie.

9.6. Hierdie Kontrak en alle aangeleenthede en geskille wat daarmee verband hou sal deur die wette van die Republiek van Suid-Afrika gereguleer word.

9.7. Indien enige Hof enige term van hierdie Kontrak onafdwingbaar, onwettig, nietig of teenstrydig met publieke beleid verklaar, dan sal daardie term geen effek hoegenaamd op die geldigheid en doeltreffendheid van die res van die terme van hierdie Kontrak hê nie.

9.8. **U gee MTN SP toestemming om u naam, adres en persoonlike besonderhede aan**

enige persoon openbaar te maak, wanneer MTN SP genoodsaak is om sy funksies te vervul of sy belange te beskerm, of om die Operateur in staat te stel om Nood Netwerkdienste aan u te verskaf, of gids-of-hersteldienste en inligting aan Netwerk gebruikers in die algemeen, of wanneer daardie inligting deur enige amptelike regulatoriese of wetgewende liggaam aangevra word.

9.9. U en MTN SP kies die vaste adresse soos uiteengesit is in klousule 1.18 hierbo en die Intekenaar Kontrak Aansoekvorm as die *domicilium citandi et executandi ("domicilium")* vir die doeleindes van die verskaffing of bediening van enige regsdokumentasie met betrekking tot hierdie Kontrak.

9.10. U en MTN SP sal geregtig wees om, op geskrewe kennisgewing aan mekaar, u vaste adres te verander na enige ander vaste adres in die Republiek van Suid-Afrika, wat nie 'n poskantoorbus is nie. Die nuwe vaste adres sal binne 30 (dertig) dae vanaf die ander persoon kennisgewing ontvang het, daardie persoon se *domicilium* word.

9.11. Daar sal van u vereis word om MTN SP ten minste 30 (dertig) dae geskrewe kennisgewing te gee van enige veranderinge wat u wil aanbring aan die verskillende opsies of dienste in die Intekenaar Kontrak Aansoekvorm. U moet verseker dat MTN SP die aansoek ontvang het en toestem tot u versoek, anders sal die veranderinge nie van krag wees of in werking tree nie.

9.12. U en MTN SP kan enige kennisgewing en enige betaling aan mekaar maak;

9.12.1. per hand, per faks of per epos gedurende die normale besigheidsure van MTN SP, by die ontvanger se *domicilium* vaste adres op die stadium. Tensy die teendeel bewys kan word, sal dit aanvaar word dat 'n faks of epos binne 48 (agt-en-veertig) uur vanaf versending ontvang is. U moet verseker dat u bewys van ontvangs verkry; of

9.12.2. per voorafbetaalde geregistreerde pos vanaf 'n adres in die Republiek van Suid-Afrika na die geadresseerde by die geadresseerde se posadres op die stadium. Tensy die teendeel bewys kan word, sal dit aanvaar word dat die geadresseerde die kennisgewing of betaling ontvang het teen die 7de (sewende) dag vanaf die datum waarop dit gepos is. U moet verseker dat u die bewys van versending bewaar.

9.12.3 U mag nie aan MTN SP kennis gee by wyse van SMS nie.

9.13. **TOESTEMMING VIR BEMARKING:**
Deur die blokkie op die Aansoekvorm te merk, gee u MTN SP uitdruklik toestemming om met u te skakel by wyse van telefoon, faks, SMS of epos by die kontaknommer/s en adresse soos deur u verskaf is op die Aansoekvorm vir bemarkingsdoeleindes van sy produkte en/of dienste aan u.

9.14. **AFSONDERLIKE KONTRAKTE**

Die dele van hierdie Kontrak wat verband hou met die beskikbaarstelling van Netwerkdienste deur MTN SP aan u aan die een kant (Deel I), en die verkoop of huurkoop van die Mobiele Apparaat/e aan die ander kant (Deel II), sal afsonderlike en verdeelbare dele van die Kontrak uitmaak, elkeen geregtig om alleenstaande as 'n afsonderlike Kontrak te dien.

9.15. Selfs al kan die dele van hierdie Kontrak geskei word, tot die mate dat die terme van Deel I van hierdie Kontrak van toepassing is op Deel II van hierdie Kontrak, met die toepaslike veranderinge, asof hulle spesifiek in Deel II ingesluit is.

10. MOBIELE NOMMER OORDRAAGBAARHEID

Die oordrag van u Mobiele Nommer van een Mobiele Netwerk of Mobiele Diensteverskaffer na 'n ander;

10.1. Indien u sou besluit om u Mobiele Nommer van u bestaande mobiele diensteverskaffers ("die donateur diensteverskaffer") na 'n ander mobiele diensteverskaffer ("die ontvanger diensteverskaffer") te skuif ("oordra"), mag u of besluit om op die MTN Mobiele Sellulêre Netwerk te bly, of na 'n ander mobiele sellulêre netwerk operateur ("die ontvanger diensteverskaffer") oor te dra.

10.2. U mag die ontvanger diensteverskaffer versoek om u mobiele nommer na hulle oor te dra en hulle in te lig of u dit u wens is om u nommer op die MTN mobiele sellulêre Netwerk te behou of dat u u nommer na 'n ander mobiele sellulêre netwerk wil oordra.

10.3. U versoek vir oordrag sal slegs gedurende Oordrag Ure geprosesseer word.

10.4. Die ontvanger diensteverskaffer sal van u as 'n Kontrak Intekenaar vereis om 'n Oordrag aansoekvorm in te vul en te onderteken sowel as sekere aansoekvorms / Intekenaar Kontrak ("Kontrak") en sal u keur vir krediet vir die dienste waarvoor u aansoek gedoen het.

10.5. Indien u nie die Rekeninghouer op die MTN SP sisteem is nie, sal u magtiging van die Rekeninghouer moet voorsien vir 'n versoek vir oordrag.

10.6. U mag die ontvanger diensteverskaffer versoek om u nommer oor te dra op 'n bepaalde datum in die toekoms, met dien verstande dat dit nie later as 31 (een-en-dertig) dae na u oordrag aansoekvorm deur die ontvanger diensteverskaffer ontvang is nie.

10.7. Die ontvanger diensteverskaffer sal die donateur diensteverskaffer inlig ten opsigte van u wens om u nommer oor te dra en sal die donateur diensteverskaffer versoek om u aansoek te aanvaar. Die donateur mag u oordrag aansoekvorm van die ontvanger diensteverskaffer aanvra, maar hierdie is nie standaard prosedure nie.

10.8. Die donateur diensteverskaffer mag u aansoek vir oordrag vir die volgende redes afkeur;

10.8.1. Indien u nommer ongeldig is of ingevolge die wet nie toegelaat is om oor te dra nie;

10.8.2. Indien u nommer op die donateur diensteverskaffer se mobiele sellulêre netwerk gedeaktiveer is;

10.8.3. Indien u nommer opgeskort is deur die donateur diensteverskaffer omdat u nie u rekening by die donateur diensteverskaffer vereffen het nie;

10.8.4. Indien die Rekeninghouer se identiteitgegewens op die donateur diensteverskaffer se sisteem nie ooreenstem met die identiteitgegewens wat deur u verskaf word wanneer u vir oordrag aansoek doen nie.

10.9. Die ontvanger diensteverskaffer mag u aansoek vir oordrag afkeur indien u nie hulle kredietkeuring slaag nie.

10.10. **Indien u u Mobiele Nommer oordra voor die einde van die Aanvanklike Kontrakperiode of die Kontrak Hernuwingperiode (soos die geval mag wees) en u of MTN SP u Kontrak kanselleer, dan sal u aanspreeklik wees vir die betaling van die KANSELLASIEKOSTE soos in klousule 11.1 onder uiteengesit en deur u onderteken is.**

10.11. Indien u u Mobiele Nommer oordra, sal die volgende plaasvind;

10.11.1. **U moet u donateur diensteverskaffer 30 (dertig) dae geskrewe kennisgewing gee ten opsigte van u wens om u Kontrak te kanselleer, anders sal dit in werking bly en u sal steeds in rekening gebring word vir die Maandelikse Dienskoste daaraan verbonde, selfs as u nie van die Netwerkdienste gebruik maak nie.**

10.11.2. Die donateur diensteverskaffer mag met sy diskresie u bestaande Kontrak termineer

vanaf die datum van aanvaarding van u versoek vir oordrag deur die donateur diensteverskaffer maar dit sal nie noodwendig outomaties plaasvind nie;

10.11.3. U sal enige versamelde ongebruikte krediete of minute wat u nie gebruik voordat u oordra nie, verbeur;

10.11.4. U sal enige boodskappe of gegewens verloor wat u nie alvorens u oordrag afhaal of op ingaan nie.

10.11.5. Die donateur diensteverskaffer sal u in rekening bring vir alle Koste wat u aangegaan het voordat u oordra (d.i. voordat u deur die donateur diensteverskaffer gedeaktiveer is) en mag u in rekening bring vir Koste nadat u oorgedra het, indien u nie geskrewe kennisgewing verskaf ten opsigte van kansellasie van die Kontrak nie. Indien sekere koste deur die donateur diensteverskaffer ontvang word by wyse van laat gegewens rekords as gevolg van enige vertragings in netwerk rekeningprosessering of internasionale oproepe of swerf, mag u 'n verdere rekening ontvang;

10.11.6. Die ontvanger diensteverskaffer sal u in rekening bring ten opsigte van alle Koste wat u aangegaan het nadat u oorgedra het (d.i. nadat u deur die ontvanger diensteverskaffer geaktiveer is);

10.11.7. Die ontvanger diensteverskaffer mag 'n oordrag administrasiefooi hef op aktivering van u nommer by die ontvanger diensteverskaffer;

10.11.8. Die Netwerkdienste, Waarde Toegevoegde Dienste of enige ander dienste wat u van die donateur diensteverskaffer ontvang het kan nie na die ontvanger diensteverskaffer oordra nie en u sal hulle dus verloor wanneer u oordra. Die nuwe dienste wat aan u beskikbaar gestel sal word sal bepaal word deur die beskikbare dienste wat saamgevat is in die Pakket Opsie waarop u inteken in die Kontrak met die ontvanger diensteverskaffer.

10.11.9. Die donateur diensteverskaffer sal nie verantwoordelik gehou word vir enige waarborg op die Mobiele Apparaat wat u ontvang het toe u op die Pakket Opsie ingeteken het in u Kontrak met die donateur diensteverskaffer, nadat die vervaardiger se waarborg verstryk het nie

10.12. Indien u weer u nommer wil oordra, moet u van die volgende kennis neem;

10.12.1. Ingevolge die wet, moet u ten minste 2 (twee) maande wag nadat u u nommer oorgedra het voordat u daardie nommer weer kan oordra;

10.12.2. Indien u u nommer wil terug oordra na MTN SP, behou MTN SP hom die reg voor om u weer te keur vir krediet synde dat u volgens MTN SP se standaard besigheidspraktyk 'n nuwe kliënt sal wees.

DEEL II: VOORWAARDES VIR DIE VERKOOP VAN MOBIELE APPARAAT/E TEEN 'N GESUBSIDIEERDE PRYS

11. Die Verkoop van die Mobiele Apparaat deur MTN SP aan u teen 'n gesubsidieerde prys sal onderhewig wees aan die volgende terme: -

11.1. Indien u of MTN SP hierdie Kontrak om enige rede voor die einde van die Aanvanklike Kontrakperiode of die Kontrak Hernuwingsperiode (soos die geval mag wees) kanselleer ("Vroeë Kansellasie"), sal MTN SP hom die reg voorhou om 'n terugbetaling van R1710.00 (BTW ingesluit) te eis tot welke bedrag die Mobiele Apparaat deur MTN SP gesubsidieer was ten tye van die verkoop van daardie Mobiele Apparaat deur MTN SP aan u ("handstuk subsidie"), plus enige ander KANSELLASIEKOSTE wat in hierdie Kontrak omvat is, te eis. U sal al hierdie bedrae aan MTN SP binne 14 (veertien) dae betaal nadat dit deur MTN SP aangevra is.

11.2 Indien MTN SP die koopprys van die toepaslike Mobiele Apparaat gesubsidieer het, sal

MTN SP eienaarskap behou tot aan die einde van die Aanvanklike Kontrakperiode of Kontrak Hernuwingsperiode (soos die geval mag wees) of totdat u die volle bedrag uitstaande ten opsigte van die Mobiele Apparaat handstuk subsidie aan MTN SP vereffen het soos uiteengesit is in klousule 11.1 hierbo.

11.3. U sal verantwoordelikheid aanvaar vir enige verlies of beskadiging van die Mobiele Apparaat aan u verskaf deur MTN SP, ongeag hoe daardie verlies of skade veroorsaak is, van die tydstip dat die Mobiele Apparaat aan u afgelewer is of aan enige ander persoon wat u genomineer het om die Mobiele Apparaat namens u in ontvangs te neem.

11.4. MTN SP se verpligting ten opsigte van enige waarborge wat verband hou met die Mobiele Apparaat sal onderhorig wees aan die omvang van die waarborg wat deur die vervaardiger van die Mobiele Apparaat verskaf is. U sal verantwoordelik gehou word vir die betaling van alle vervoerkoste met betrekking tot enige waarborg eise wat u instel vir die vervang of herstel van die Mobiele Apparaat.

11.5. **Foutiewe Mobiele Apparaat:**
Indien u binne 7 (sewe) dae nadat u die Mobiele Apparaat in ontvangs geneem het enige foute of defekte bespeur, moet u die Mobiele Apparaat onmiddellik aan MTN SP terugbesorg in dieselfde toestand en verpakking waarin die Mobiele Apparaat aan u afgelewer is, tesame met die koopbewys (die rekening en bewys van aflewering geleibrief dokumente).

11.6. Indien u nie die Mobiele Apparaat vir meer as die volle tydperk soos deur MTN SP bepaal is (hierdie “praat tyd” is onderhewig aan die tipe Mobiele Apparaat) gebruik nie, sal MTN SP die beskadigde/foutiewe Mobiele Apparaat vervang, maar dit sal bepaal word deur die terme van die vervaardiger se waarborg (indien daar een bestaan).

11.7. Indien u die Mobiele Apparaat nie in dieselfde verpakking aan MTN SP terugbesorg nie, mag MTN SP ’n verpakkingsfooi teen u hef en gee u MTN SP uitdruklik toestemming om u MTN SP rekening met die bedrag ten opsigte van die koste vir die herverpakking van die Mobiele Apparaat te debiteer.

11.8. Indien MTN SP op inspeksie van die Mobiele Apparaat besluit dat dit tekens van skade toon, sal MTN SP nie verplig wees om die Mobiele Apparaat van u terug te neem nie of om daardie Mobiele Apparaat te vervang nie. In hierdie geval sal u geen eis teen MTN SP hê nie.

11.9. Indien u MTN SP versoek om die Mobiele Apparaat te herstel, sal alle herstelwerk bepaal word deur die vervaardiger se waarborg (indien daar een bestaan). Indien die waarborg nie skade en herstel dek nie, sal u aanspreeklik wees vir alle herstelkoste aan MTN SP volgens kwotasie voor daar met herstelwerk begin is.

11.10. **MTN Direk “14 dae Geld Terug Waarborg”:**

Indien u die Mobiele Apparaat deur MTN Direk aangekoop het, sal dit ’n “14 dae geld terug waarborg” dra solank u die Mobiele Apparaat terugbesorg ingevolge die volgende besigheidsreëls;

11.10.1. **Hierdie “14 dae geld terug waarborg” is slegs van toepassing op Mobiele Apparate wat deur MTN SP deur sy MTN Direk kanaal verskaf is.**

11.10.2. U moet die Mobiele Apparaat en al sy bybehore en SIM Kaart persoonlik terugbesorg binne 14 (veertien) dae vanaf die rekeningdatum, in sy oorspronklike verpakking aan ’n MTN SP Dienssentrum (aflewering aan MTN SP by wyse van koerierdiens sal nie aanvaar word nie, en MTN SP kan ook nie by u afhaal nie).

11.10.3. U moet ook ’n oorspronklike rekening en bewys van aflewering voorsien.

11.10.4. Indien u promosie items/geskenk/bewys ontvang het, moet u hierdie items tesame met die Mobiele Apparaat en bybehore terugbesorg. Alle bewyse moet ongebruik wees om deur MTN SP aanvaar te word.

11.10.5. Wanneer u die Mobiele Apparaat aan die MTN SP Dienssentrum terugbesorg, sal MTN SP die handstuk en die bybehore in u teenwoordigheid inspekteer vir enige tekens van skade en om te bepaal of u die Mobiele Apparaat gebruik het om oproepe of SMS'e te maak/stuur of te ontvang.

11.10.6. Indien MTN SP die besluit neem dat die Mobiele Apparaat of die bybehore enige tekens van skade toon, of dat die Mobiele Apparaat vir langer as 15 (vyftien) minute gebruik is, sal MTN SP nie die terugsending aanvaar nie synde dit die vervaardiger se waarborg nietig sal maak. In hierdie geval sal u geen eis teen MTN SP hê nie.

11.11. BEPERKING VAN AANSPREEKLIKHEID

MTN SP sal nie aan u of enige ander persoon aanspreeklik wees vir enige verlies of skade wat gely is (hetsy direk of indirek) as gevolg van die gebruik van enige Mobiele Apparaat wat aan u deur MTN SP verskaf is met betrekking tot hierdie kontrak nie.

HANDTEKENING: